**SARS PERSVERKLARING EN OPENBARE VERSKONING AAN VOORMALIGE WERKNEMERS WAT NADELIG GEAFFEKTEER IS DEUR OPTREDES DEUR SARS EN BEPAALDE DERDEPARTYE GEDURENDE 2014 - 2018**

**11 November 2022, PRETORIA** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) is bly om aan te kondig dat, as 'n verdere mylpaal in sy reis jeens die herbou ban publieke vertroue, dit met voormalige werknemers, wat nadelig geaffekteer is deur gebeure wat tydens die kaping van SARS tussen 2014 en 2018 ontvou het, geskik het.

Kommissaris Kieswetter reik namens SARS 'n diepgevoele openbare verskoning uit aan voormalige werknemers vir die organisasie se optrede en uitlatings wat so 'n verwoestende impak op hul lewens gehad het. SARS is baie spyt oor die seer, pyn en lyding wat hul en hul families ervaar het as gevolg van bepaalde optrede deur SARS in sodanige tydperk.

Die skikkings laat een van die aanbevelings deur die Nugent-kommissie (kommissie van ondersoek na belastingadministrasie en- bestuur deur SARS), wat bevind het dat daar 'n reuse versuim van integriteit en bestuur by SARS was onder die ampstermyn van eertydse SARS-kommissaris, mnr. Tom Moyane, in werking tree.

Na 'n uitgestrekte ondersoek na die aangeleenthede wat by SARS plaasgevind het, insluitend aantygings dat 'n eenheid, wat in 2008 gestig is om onwettige ekomie te bekamp, onwettig op die been gebring is, het die Nugent-kommissie in 2018 bevind dat daar geen gronde vir sodanige aantygings was nie.

Hierdie bevinding is verder gesteun deur 'n aantal belangrike ontwikkelinge wat plaasgevind het oor die afgelope paar jaar. Dit sluit die feit in dat:

(a) Die Sunday Times, wat se verslaggewing die valse aantygings oor die "skelm eenheid" aangevuur het, het al hul gepubliseerde verslaggewings teruggetrek en verskonings daarvoor uitgereik.

(b) KPMG het hul gevolgtrekkinge en aanbevelings in hul verslag oor die aangeleentheid teruggetrek.

(c) Die voorsitter van SARS se adviesraad, regter Frank Kroon, het sy bevindinge teruggetrek aangaande die onwettigheid van die stigting van die eenheid.

(d) Die hooggeregshof het die verslag deur die inspekteur-generaal van Intelligensie tersyde gestel en

(e) die Openbare Beskermer se remidiërende aksie in haar verslag in die hantering van die aangeleentheid is onwettig verklaar deur die hooggeregshof (Gauteng-afdeling) in 2020 tersyde gestel, wat onder andere op die KPMG-verslag, die Sikhakhane-verslag en die verslag deur die inspekteur-generaal van Intelligensie staatgemaak het. Die Hooggeregshof het bevind dat die Openbare Beskermer versuim het om haar ondersoek uit te voer op 'n wyse wat daardie kantoor kon voordeel. Sodanig het die Openbare Beskermer opgetree in totale minagting van die waardes soos uiteengesit in artikels 181(1)(a) en 182 van die Grondwet, wat 'n beroep maak op die Openbare Beskermer om onpartydig te wees en haar magte en funksies uit te voer sonder aansien des persoons of vooroordeel. Die hof het ook strafregtelike koste beveel teen die Openbare Beskermer en advokaat Busisiwe Mkhwebane persoonlik, gesamentlik en onderskeidelik. In September 2021 het twee regters van die Appèlhof, die Openbare Beskermer se aansoek om heroorweging van haar petisie tot verlof om teen die hooggeregshof se uitspraak te appelleer, van die hand gewys. Die Openbare Beskermer het aansoek gerig aan die president van die Appèlhof vir heroorweging van die ontslag van haar appèl. Op 1 Februarie 2022, het die Appèlhof se president ook die Openbare Beskermer se aansoek vir heroorweging van die ontslag van haar appèl van die hand gewys. Die Openbare Beskermer het daarna appèl aan die Grondwethof gerig. Op 10 November 2022 het die Grondwethof die Openbare Beskermer se aansoek tot verlof om te appelleer teen die uitspraak van die hooggeregshof eenparig geweier, wat 'n einde bring aan die dikreditering van die narratief rondom die ondersoekende eenheid.

Die Nugent-kommissie het in sy finale verslag aanbeveel dat SARS herstel moet bring, nie noodwendig geldelik van aard nie, aan huidige en voormalige werknemers, wat negatief beïnvloed is deur die optrede van SARS, die Sikhakhane- en KPMG-verslae.

Met sy aanstelling in Mei 2019, het kommissaris Kieswetter gevind dat die situasie by SARS veel erger was as uiteengesit in die Nugent-kommissie-verslag. Hy het 'n reeks maatreëls ingestel om die werkmag te stabiliseer, personeel-moreel te herstel en vertroue in die organisasie te herbou.

Die maatreëls wat ingestel is sluit in:

- 'n Pastorale en "luisterende" veldtog gemik daarop om personeel die geleentheid te gee om hul ervarings te deel en te reflekteer, "botallige" personeel heraan te stel in hul vorige poste of alternatiewelik in betekenisvolle rolle, en die heraanstelling van sommige spesialis-werknemers wat SARS tussen 2014 en 2018 verlaat het.
- 'n Hersiening van eksterne en interne ondersoeke, dissiplinêre en ander werknemer-verwante optrede wat ongegrond kon wees, is afgesluit.
- Die finalisering van 'n herstelproses vir huidige werknemers wie se loopbane/poste by SARS negatief beïnvloed was en die implementering van 'n reeks regstellende maatreëls.

Ooreenkomstig die ontwikkelinge hierbo genoem, het kommissaris Kieswetter in 2021 'n onafhanklike raadgewende komitee aangestel, bestaande uit twee onderskeie regsgeleerdes, professor Thuli Madonsela (voorsitter) en afgetrede Grondwethofregter Johan Froneman, om hom te adviseer oor die moontlikheid van herstellings vir voormalige SARS-werknemers wat spesifiek beïnvloed is deur die valse aantygings dat hulle lede was of geassosieer was met 'n ondersoekende wat klaarblyklik skelm en onwettig was.

Die adviesraad se mandaat was om 'n administratiewe proses te bewerkstellig wat pastoraal was en herstel en rekonsiliasie koester en regstellende aksie wat regverdig en onpartydig is deur die meganisme van herstellende geregtigheid. Die adviesraad het sy verslag aan SARS voorgelê in Maart 2022 en sy aanbevelings is deur die kommissaris aanvaar.

Kommissaris Kieswetter het namens SARS gesê: "Ek erken die skade wat die organisasie en sodanige voormalige werknemers, wat met die stigting, bestuur en bedryf van die ondersoekende eenheid geassosieer was, en hul families gely het. Ek hoop ter harte dat met die gevolgtrekking van hierdie prosedure, die geaffekteerde individue en hul families 'n mate van afsluiting kan ervaar en voortgaan met hul eie reise tot herstel.

*SARS erken dat beide die Sik- en KPMG-ondersoeke en die meegaande bevindinge en aanbevelings, erg gebrekking was, en SARS het dit intussen duidelik gemaak, en herhaal weereens, dat hul dit vir geen doel sal aanwend nie. SARS erken dat hierdie verslae nie gebruik moes word vir 'n basis vir enige van die optrede wat teen die geaffekteerde deelnemers en ander SARS-beamptes geneem is nie.*

*Ongelukkig, omdat SARS self 'n slagoffer van staatskaping in hierdie tydperk geword het, erken SARS dat dit versuim het om werknemers te verdedig en te beskerm toe die valse*

*aantygings en toerekenings van verkeerde optrede in Oktober 2014 en die jare daarna kop uitgesteek het nie."*

SARS het ook 'n private verskoning uitgereik aan elkeen van die deelnemers en hul families vir die beproewing wat hul gely het en die skade wat hul aangerokken is tussen 2014 en 2018 en die tydperk daarna.

Ingevolge die aanbevelings van die adviesraad het SARS regverdige en redelike geldelike vergoeding (algemene laste) betaal vir die oortreding van die deelnemers se persoonlike regte, asook vergoeding vir die verlies van indienshouding waar van toepassing.

Kommissaris Kieswetter bedank die adviesraad vir sy toewyding tot die herstelproses en veral vir die leierskap en wysheid wat dit gebring het met die versekering dat die herstelproses suksesvol in sy doel sal wees om geregtelikheid aan die partye te bring.

Kommissaris Kieswetter het ook die deelnemers bedank vir geloof in die proses, selfs terwyl dit moeilik was, en vir hul samewerking tot die suksesvolle afhandeling van die proses. Hoewel hierdie proses nie ten volle kan vergoed vir die professionele en persoonlike skade wat hul oor 'n lang tyd gely het nie, hoop SARS dat hierdie herstel proses 'n mate van afsluiting bring die voormalige SARS-werknemers en hul families.

Die volgende voormalige werknemers het ingestem dat hul name geopenbaar mag word as deel van hierdie verskoning:

Ivan Pillay, Peter Richer, Andries Janse van Rensburg, Johann van Loggerenberg, Adrian Lackay, Pieter de Bod, Gilbert Gunn, Nkele Pitsi, Siobhan Wilson, Telita Snyckers, Charl Fourie, Gene Ravele and Marika Muller.